

Die soewereine God (1:1-12)	Heiligmaking van die gelowige (1:13-3:12)	Lyding van die gelowige (3:13-5:14)
Geskryf deur Petrus of uit Rome of uit Babilon, ongeveer 63-64nC.		

Dag	Lees
Ma	Joh 13:5-9, 36-38; 21:15-19
Di	Hand 2:14-41
Wo	I Pet 1:1-12
Do	I Pet 1:13-2:17
Vry	I Pet 2:18-3:12
Sat	I Pet 3:13-4:19
Son	I Pet 5:1-14

Wees liever bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlijkheid.. (I Pet 4:13).

Petrus skryf die boek om sy lesers van heiligmaking en die eise van swaarkry te leer. Daarom is dit nodig dat hy eers vir hulle God se soewereine krag en versekering van die toekoms wys waarin hierdie twee sake gewortel is. Daarna wys hy hoe lyding tot groter heiligmaking lei.

Paulus skryf aan gelowiges wat as vreemdelinge afgesonder is om heilig te lewe. In die eerste verse dien ons die Drie-eenheid kies en verlos die sondaars, en verenig hulle met Christus so dat hulle in gehoorsaamheid aan Hom kan leef deur die Gees. Drie redes vir lof aan God:

1. God, die Vader het ons die wedergeboorte geskenk
2. Daarom het ons nou 'n lewende hoop
3. Dat God se soewereine krag ons bewaar deur die geloof tot saligheid

In 1:17 kry ons die opdrag: Wees heilig, want Ek is heilig. Hierdie gedeelte roep ons op om heilig te lewe – die kern rede: Julle is losgekoopt!

1. Julle kan heilig leef, want julle is weergebore.
2. Groei in heiligheid gebeur deur suiwer geestelike melk te drink.
3. As uitverkore heiliges, verkondig Jesus se voortreflike verlossingsdade.

Dan volg daar voorbeelde van hoe om Christus se voorbeeld te volg in jou hantering van gesag, in die huwelik en beledigings.

Van 3:13 af verduidelik Petrus hoe om lyding te hanteer. Jy kan veral drie dinge leer:

1. Swaakry is 'n proses van heiligmaking om jou gereed te maak vir die wederkoms, daarom kan ons kan bly wees in lyding want jy gaan oorloop van vreugde met die wederkoms.
2. Jy is geseënd as jy swaakry ter wille van God se eer, want dit is 'n bewys dat die Gees in jou werk.
3. Dis 'n voorreg om te ly, want jy kan getuig oor die hoop wat in jou leef tot eer van God.

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Die soewereine God (I Pet 1:1-12)

Van Petrus, 'n apostel van Jesus Christus.
aan uitverkore vreemdelinge wat reg oor die wêreld is. (I Pet 1:1)
Soos God die Vader dit vooraf bestem het (wat 'n wonder!)
het Hy julle uitverkies en deur die Gees afgesonder
om aan Hom gehoorsaam te wees (met alles wat jy is!)
en besprinkel te word met die bloed van Jesus Christus. (I Pet 1:2a)
Vir julle is my opregte bede:
'n Oorvloed van genade en vrede! (I Pet 1:2b)

Aan God, die Vader van ons Heer.
Jesus Christus, kom toe al die eer!
In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe gegee
deur die opstanding van Jesus Christus bring hy dit mee. (I Pet 1:3)

Hierin is ons lewende hoop nou:
'n Onverwelklike erfenis
wat onverganklik en onbesmet is.
Dit word in die hemel vir julle in bewaring gehou (I Pet 1:4)

En omdat julle glo, weet julle ook nou:
Aan die einde van die tyd word geopenbaar
die saligheid wat vir julle wag daar.
Tot dan word julle deur die krag van God in bewaring gehou
(I Pet 1:5)

Weet in al jou swaarkry en pyn,
God is en bly soewerein.
Dit sal lei tot 'n meer heilige lewe
een waarin jy alle eer aan God gewee.

Wees bly as jy ly tot God se eer

Selfs as julle ly omdat julle jul by God se wil hou
moet julle dit as 'n eer en voorreg beskou.
Moenie bang wees vir mense wat julle afskrik en verskeur,
laat julle harte vol wees van heilige eerbied vir die Heer!
(I Pet 3:13-15)

Wees altyd gereed om 'n antwoord te gewee
vir die wat vra oor die hoop wat in jou lewe,
maar gee die antwoord in beskeidenheid weer
in eerbied tot God, jou Vader en Heer. (I Pet 3:15-16)

Dis genade om onverdiend te ly,
ja, 'n voorreg om só vir Hom te stry. (I Pet 2:19-20, I Pet 3:14,17)
Die profete het verkondig dat jul genade sou kry
en deur die Gees geprofeteer dat Christus sou ly. (I Pet 1:10-11)

Christus het een maal vir die sonde gely
dat skuldiges vrypraak kon kry.
Deur mense is hy dood gemaak,
maar deur die Gees weer ontwaak. (I Pet 3:18)

Geseënd is julle wanneer julle beledig is
ter wille van die Naam van Jesus Christus.
Dis 'n bewys dat die Gees op julle bly,
die Gees wat alle heerlijkheid verkry. (I Pet 4:14)

Hy sal julle, na julle 'n kort tydjie gely het,
self weer oprig en julle moed laat kry.
Hy sal julle sterk en standvastig maak in die stryd.
Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! (I Pet 5:11)